Die Restorasie van Vroulikheid



Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur *Kanaän Bedieninge*, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- River of Life Family Church, Vanderbijlpark
  Pastoor Edward Gibbens
  Kontak: Sharmain Joubert
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 9823022
  Faks: +27 16 9822566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (021) 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Larwin and Silvia Nickelson
Oikos International Church
Reinacherstrasse 3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Sameroeper: Rosemarie Camenzind
Kantoorure: Dinsdag tot Donderdag van 8 – 12
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.kanaanministries.org

INHOUD

1.	Inleiding	4
2.	Terug na die begin	6
3.	Die Goddelike orde van vroue	14
4.	Moederliefde	21
5.	Bou jou huis	25
6.	Die krag van onderwerping	30
7.	Die mag van invloed	39
8.	Wanneer jy oor sy kop beweeg	43
9.	Verstaan lof	47
10.	Die beloning van deugsaamheid	53

1. INLEIDING

In hierdie studie gaan ons gesels oor waarom vroue gefrustreerd en mans verward is. Ons gaan ook kyk na wat met ons verhoudings, ons kinders, ons harte en ons siele gebeur het. En ook hoekom die kuns van vrouwees ‘n onskatbare kosbaarheid geword het.

Net soos die skepping uitsien na die oorspronklike plan van vreedsame naasbestaan, het die kreunings van moeë vroue voor die Troon van God opgestyg. Die bose kringloop van mans wat abdikeer, vroue wat opstaan, mans wat vlug, en vroue wat verbitterd, verhard en sonder hoop sit, het die samelewing besmet. Die lyne is onsigbaar getrek, en in stilte is daar **OORLOG** verklaar!

Romanse lê vertrap en begrip lê verpletter onder beledigings en beskuldigings wat geslinger word. Sien iemand werklik wat ons aan mekaar doen?

Laat ons dan nou vrou-tot-vrou praat oor hoedat ons **“dit gemis het”** en hoe om **“dit”** weer terug te kry.

***Dierbare Hemelse Vader**, daar is so baie stemme met verskillende verwagtings wat my wêreld vul. Soms bevind ek myself verward en selfs gefrustreer in my soeke na wie ek werklik is. Help my om te onthou dat U die sleutel vashou na my ware identiteit. U het my geskape om 'n waardevolle byvoeging te wees tot die mensdom en 'n lewende uitdrukking en voorbeeld van U hart. Wis uit die leuens wat die vyand probeer plant in my siel om my waarde te probeer verminder. Soos ek aan U Woord vashou wat my leer dat ek "wonderlik geskape" is, 'n vrou met 'n doel, laat die openbaring van wat dit waarlik beteken, my hele wese deurdrenk en my vrymaak om my vrouwees te geniet en my te verheug in die gawe wat ek <u>is</u> aan die wêreld.*

Skenk my die vrymoedigheid om te wandel in U oorspronklike plan vir my lewe. Herstel aan my die gawe van my vroulikheid en help my om dit as 'n skat in my hart te bewaar.

Soos ek my vroulikheid soos parfuum vanuit my gees vrystel, gebruik dit om ander rondom my te genees met my spesiale kwaliteit van sagtheid. Ek sal altyd onthou om die eer aan U terug te gee soos wat U U liefde deur my hande wys om ander vry te maak om alles te wees waarvoor U hulle geskape het.

In Jesus se Naam, AMEN.

2. TERUG NA DIE BEGIN

As gevolg van Eva se misleiding, het sekere dinge in die Tuin van Eden verander. Vanaf daardie dag het sy die **pyn van kindergeboorte** ervaar, ‘n pyn wat sy vir God aangedoen het die oomblik toe sy haarself vanuit Sy beskermende “baarmoeder” gewring het om in beheer te kom van haar eie bestemming.

Niemand se posisie in die tuin het verander nie. Die **man** was daarvoor verantwoordelik om **die vrou te bedek en te lei** reeds vanaf die begin.

Maar nou bevind **enige vrou**, getroud of enkel, haar gedurig in die posisie om die man te **probeer buig na haar wil**. Sy sal **strewe om totale vervulling van die man te kry**, om **algehele bevestiging** van hom te kry, maar sy sal nooit hierdie vervulling bereik nie – omdat geen menslike wese haar vervulling kan wees nie.

Hierdie vloek het veroorsaak dat die hart van die vrou aan die man sê: *“**Ek wil hê dat jy gewillig moet wees om enigiets vir my te doen, insluitende om ongehoorsaam aan God te wees as dit my sal laat voel dat ek geliefd is, begeer word, waardig en vervuld is**”.*

Die val het veroorsaak dat die Godgegewe **begeerte** in haar hart na haar man, verdraai word na **‘n behoefte aan hom vir al die verkeerde redes**. Die man **kan nooit opleef** na die gaping wat die val geskep het nie. Die vrou se **oordrewe behoefte** na haar man het dus ‘n **binding oor haar geword**. Haar **begeerte na hom “heers**” nou oor haar en kleur al haar besluite soos sy voortdurend daarna strewe om sy liefde te wen in die plek wat vir God Alleen beskore is.

Adam het sy rol as beskermer van Eva geabdikeer. Hy het willens en wetens gekies om haar te volg in ongehoorsaamheid en nou ervaar hy hoe dit voel wanneer die **voorwerp van sy liefde teen hom rebelleer**.

DIE KLEIN GROEN LEUENTJIE

“Wie het aan julle gesê dat julle naak is?”

Dit is waar dit alles begin het.

Wie het aan jou vertel dat jy jou moet skaam oor wie jy is, vrou?

Wie het aan jou vertel dat jou vroulikheid geen waarde het nie (“second class”)?

Wie het aan jou vertel dat, om jou vroulikheid te omhels, ‘n verlore saak is?

Wie het aan jou vertel dat dit ‘n man se wêreld is?

Hierdie woorde het **nooit van God se lippe gekom nie**. Satan het hierdie een klein saadjie geplant en dit het gegroei tot ‘n groot boom wat ‘n groot oes van giftige vrugte dra.

En so het die vrou se suspisie begin – dat die man iets agter sy rug wegsteek wat hy nie vir haar wil gee nie.

Waarom wou God nie hê dat ons soos Hy moet wees en goed en kwaad ken nie?

GOD HET DIT NOOIT GESê NIE!

Dit was Sy bedoeling dat ons Sy seuns en dogters moet wees; dat ons soos Hy sal wees, omdat ons in perfekte verhouding met Hom sou stap en Hom sien soos Hy is (1 Joh. 3:2). **Wat het gebeur? Hoe het ons ooit beweeg vanuit die tuin na die oorlogsfront?**

DIE VROU SE ROL

Eva is aan Adam gegee om **hom te help om fokus te behou**; om hom **ekstra bemoediging** van tyd tot tyd te gee. Hy het iemand nodig gehad om die **gapings te vul**, die **slap drade op te tel** en hom **bymekaar te hou**.

Hy het ‘n helpmaat nodig gehad, ‘n vennoot – iemand wat spesiaal ontwerp is om hom op elke wyse te **komplimenteer**. Hierdie persoon, genoem vrou, sou hom bystaan in sy taak om te onderwerp, orde te handhaaf, te werk en God se skepping te versorg en om vrugbaar te wees en te vermeerder. Hierdie dinge sou hy nie kon doen sonder haar hulp nie.

“If man is the head, she is the crown. Man was dust refined, but woman was double refined.”

SATAN SE PLAN

Satan het God se plan vir die man geken en hy moes dit ten alle koste aborteer. Hy het uit ondervinding geweet dat **rebellie** die een ding was wat God nie in Sy teenwoordigheid toegelaat het nie. Hy moes dus ‘n gaping veroorsaak in Adam en Eva se verhouding met God.

Hy het ook geweet dat hy nie **die mag van die vrou** moes onderskat nie. Hy het geweet watter effek sy op die man het. Dit is waarom die vrou sy teiken was.

In plaas daarvan om soos God te word wat goed en kwaad ken, was Adam en Eva nou **beskaamd oor hul naaktheid**.

Eva het iets anders ontdek: Wanneer die man **beskaamd** was, het hy **onseker** geword. En wanneer hy onseker is, het hy **verdedigend** geword en die skuld op haar gepak. Sy het die vyand geword a.g.v. van sy skaamte en mislukking. **Mislukking** was ‘n gewig wat Adam nie kon dra nie. Dit het hom “**ontman**” in die teenwoordigheid van Eva. Omdat hy hom onderwerp het aan die vrou se hand wat die vrug vasgehou het, moes hy nou worstel om haar **respek en onderworpenheid** te kry vir die res van sy dae.

SATAN SE OORWINNING

Alhoewel hy ook vervloek was, was hy tevrede dat die eerste fase van sy missie afgehandel was. Hy het daarin geslaag om die man te verlei om sy Godgegewe outoriteit op die aarde te verpand.

Hy het die **verhouding tussen die man en God verbreek**, en het **gevegslyne getrek tussen man en vrou**. Nou sou hy altyd die vrou as ‘n oop deur hê om by die man te kom. Hy sal haar **invloed**, **sjarme**, **tong** en haar **liggaam** gebruik om die man se uiterlike te penetreer. En hy sou die man teen die vrou gebruik om haar te **blameer** en **outoriteit af te dwing** in plaas daarvan om onderwerping te inspireer. Hy sou die man se verwarring gebruik om dít wat hy eintlik moet beskerm, te laat boet deur te slaan, te verkrag, sleg te sê, ens.

Ons staan almal as getuies van die skade wat gedoen is in die Tuin. Ons het nou teruggeval op die idee dat “**manne is van Mars en vroue van Venus**” ten einde ons verskille te verduidelik. Maar die waarheid is, dit maak nie saak hoe slim die cliché nie, ons is **nie** van verskillende planete nie! Ons oorsprong is baie nader: **ons is deel van mekaar met sigbare en onsigbare verskille**. Ons is gemaak om te bevoordeel, en nie om te wedywer nie. Die eerste stap daartoe, is om ons verskille te verstaan en ons te verheug daarin in plaas daarvan om te blameer en te beskuldig.

God het nie ‘n manswêreld geskape nie. God se ontwerp vir die wêreld was dat **man en vrou moet saamwerk in harmonie**, terwyl hulle mekaar **opbou en aanmoedig** tot goeie werke – nl. ons Godgegewe take op die aarde – dat ander die vrugte in ons lewens sal sien en die eer aan God sal gee.

Ons vroue het dit gemis toe ons daarin gefaal het om ons eie unieke mag te herken. Instede daarvan het ons gewikkel geraak in ‘n magstryd wat nooit bestaan het vanuit God se oogpunt nie. Terwyl ons onsself die hele tyd **verdedig**, **verloor ons grondgebied**.

Dit is tyd om die bokshandskoene uit te trek en God toe te laat om Sy eerste opdrag aan ons deur te gee – man en vrou beide in mag a.g.v. hul status as **komplimentêre maats.**

Laat ons weer na Eva kyk. Ons moet onthou dat **die man hulp nodig het om waardevol en magtig te voel**. Manne vaar nie goed sonder vroue nie. God het vir elkeen van ons **spesifieke gawes** gegee ten einde ons toe te rus om ‘n **spesifieke man** se helper te wees.

Jou gawes mag verskil van dié van ‘n ander sussie, en dit is in orde, omdat sy geskape is om ‘n spesifieke man by te staan. Dit is hoekom jy moet verstaan dat nie sommer enige man reg is vir jou nie, en andersom.

ONDERSOEK JOU GAWES

1. **Invloed**: Eva het Adam beïnvloed om die vrug te eet. “There are ways to influence a man to bite.”
2. **Intuisie**: Die vermoë om geestelik sensitief te wees, om die fyndruk te kan lees in ‘n gegewe situasie.
3. **Seksualiteit en reproduktiewe vermoëns**: Hy is soos klei in jou hande. Ons “bargain” met ons liggame.

Beide die man en die vrou is geskape na die beeld van God – elkeen is uniek geskape om spesifieke dele van God se natuur te benadruk, met **die man meer leunend na die verstand** van God en **die vrou meer leunend tot die hart van God.**

Terwyl dit in gedagte gehou word, moet ons begryp dat die man se hart gedurig soek na **dieselfde ding waarna God se hart soek** – **aanbidding**. Die man se **grootste begeerte is na eer**; eer wat kom in die vorm van **respek** en **onderwerping**.

God woon te midde van Sy lofprysinge, en dit is duidelik dat **intimiteit** gebore word uit die **aanbiddingsondervinding**. Alle skanse word laat sak in die aangesig van bewondering. Alle **verdedigings** word laat vaar wanneer ons blootgestel word aan die kenmerke van ons geliefdes, en hulle, op hul beurt, reageer deur nader aan ons te kom. Soos ons lofprysinge opstyg na God, kom Hy af, kom nader en staan gereed om die begeertes van ons harte op ons uit te stort.

Dieselfde ding vind plaas in ons aardse verhoudings. **Soos ons die man laat goed voel oor homself**, stort hy meer van homself op ons uit. Ware intimiteit word gebore uit hierdie soort gemeenskap, en **seksuele intimiteit** is die hoogste vorm van wedersydse aanbidding. Dit is die plek van algehele kwesbaarheid en openheid.

Naak en onbeskaamd; sonder voorgee, word alles blootgestel en uitgeruil, en die twee kom daar uit met ‘n dieper kennis van mekaar, en deel ‘n band sterker as vantevore. “***Love inspires submission and submission inspires more love. Submission begins with man – Christ loves the Church***.”

WAT IS VROULIKHEID?

Sag, **teer**, **delikaat**, **sensitief**, **beskeie**, ens.; dit is ook sinoniem met **sagmoedigheid**: “**krag wat onder beheer is**”. Vroulikheid is krag toegedraai in ‘n **fluweel handskoen**.

Dit is ‘n **innerlike kwaliteit** wat vloei vanuit ‘n vrou wat haar roeping en haar waarde ken. Vroulike vroue is **sterk vroue**, omdat hul invloed diep gevoel word. Hierdie invloed reik onder die oppervlak omdat dit ingenooi word. Dit word ingenooi omdat dit **aantreklik en nie-bedreigend** is. Die vroulike vrou weet wie sy is en verheug haar daarin om vrou te wees. Sy laat toe dat dit wie sy van nature is, al die werk vir haar doen.

Ek hou daarvan om vrou te wees. *Ek hou van alles wat dit omvat. Dat ek intelligent kan wees, intuitief, skerp in onderskeiding, waardig en sterk, sag en warm; vrygewig met my meegevoel, teer in aanraking; dat ek openlik kan huil; dat ek my gedagte ‘n miljoen keer mag verander, omdat dit ‘n “vroue-ding” is! Dit is ‘n pragtige ding!*

WAT VAN ADAM?

God het vir Adam in ‘n **diep slaap** geplaas ten einde die vrou te kon maak. Hy het hom nie wakker gemaak totdat die vrou ‘n **volwaardige** en **afgehandelde werk** was nie.

God wag op jou om ‘n **afgehandelde voorwerp van eer te word** – een wat in staat is om die instrument te wees wat die man se weë sal verander a.g.v. jou optrede.

<u>1 Pet. 3:1,2</u> Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook **<u>deur die wandel van die vroue sonder woorde</u>** gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.

<u>Voordat Hy die man in jou lewe wakker maak, gaan God Sy werk in jou voltooi</u>. Hy gaan nie die man wakkermaak om net 'n halfgebakte koekie te ontdek nie! Hy wil hê dat elke vrou gewortel en gegrondves is in die volle begrip van wie sy bedoel was om te wees voordat sy voor die oë geplaas word van haar eie Adam. Sy het nodig om toegerus te word om daardie man te inspireer om die man te wees wat hy veronderstel is om te wees. God weet dat 'n voltooide vrou 'n krag is waarmee gereken moet word. Dit is hoekom daar vyandskap tussen die vrou en die slang is (Gen. 3:15).

Satan het geweet dat 'n vasberade vrou in staat is om groot skade te doen aan die koninkryk van duisternis, veral as sy agterkom dat enige van haar geliefdes in gevaar verkeer. Vroue is magtig**. <u>Biddende vroue is die mees gevaarlike wapens op hierdie planeet in Satan se oë</u>!**

Dames, laat ons teruggaan na God se oorspronklike ontwerp – dan, en slegs dan, sal ons manne regop sit en aandag skenk en in lyn kom. Dit hang van ons af, dames! **<u>Terug-na-die-Tuin Beweging!</u>**

***Hemelse Vader**, help ons om terug te gaan na die basiese ten einde te **<u>herontdek wat die skoonheid</u>** is van wie ons werklik is soos U ons geskape het. Om ons waarde te herontdek in die lig van die feit dat in U oë daar nie manlik of vroulik, Griek of Jood is nie, omdat U ons almal geskape het vir U plesier.*

U het ons gekoop met die prys van die Bloed van U Seun Jesus, en ons losgemaak om U s'n te wees – ons is mede erfgename met U in Hemelse plekke en ons wandel in heerskappy in hierdie teenwoordige lewe omdat U U liefde op ons uitgestort het.

Skenk ons die sekuriteit om te alle tye te onthou wie ons is en Wie s'n ons is.

Skenk ons die vrede om te weet dat ons regte in U verborge is en dat U die Algehele Beskermer en Verdediger van ons saak is. Voltooi die werk wat U in ons begin het. Maak ons waardige instrumente. Voltooi ons volgens U ontwerp.

Help ons om te rus in die versekering dat soos ons onsself daaraan toegee om die vroue te wees wat U van ons verlang, sal U ons onderwerping eer deur ons te kroon met U ***Goddelike guns*** *en sal U ons seën met oorvloedige vervulling en vreugde.*

In Jesus se Naam, AMEN.

3. DIE GODDELIKE ORDE VAN VROUE

Dit is tyd om met oop gemoed te kyk na wat dit **ons as vroue** kos wanneer ons buite orde is.

Dit kos ons die **dekking en beskerming** van ‘n vrymoedige en selfversekerde man. Dit kos ons die **sekuriteit** van ons huise en die **heelheid** van ons kinders. Dit kos ons die **veiligheid** van ons gemeenskappe. Dit kos ons ons **persoonlike vrede en vervulling**. Dit kos ons ons **gesondheid.**

DIE VLOEK

Gen. 3:16-19 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers. En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Wat veronderstel was om maklik te wees, sal nou **moeilik** wees. Dit wat jou die meeste vreugde moet gee, sal jou ook die meeste pyn gee. “Kinders baar” het soos die tyd verby gegaan het, al moeiliker geword. Ons is in oorlog gewikkel met die media, die opvoedingsstelsel, ander kinders wat uit lyn is en invloede van buite wat dit moeilik maak om die verstande en geeste van ons kinders suiwer te hou.

Gen. 3:16 …en na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers*.* As gevolg van die draaipunt van jou hart na jou man (en, by implikasie weg van God) vir waardering, vervulling en bevestiging, sal hy oor jou heers. Dit is die geval met enigiets of enigiemand waarop vertrou word anders as God vir ons bewustheid van self. Daardie voorwerp of persoon begin dan ons lewens reël. Die liefde vir geld, mag, kos, materialisme – noem dit – sal oor jou heers indien jy toelaat dat dit eerste plek in jou lewe neem bo God.

Dit was presies Eva se dilemma. Dit is nie slegs die getroude vrou se probleem nie. Dit affekteer **enkel vroue** ook. **Onthou:** dit is 'n algehele vloek. Alle vroue is daarby ingesluit. Kyk bietjie hoedat vroue vandag beheer word deur die **begeerte om 'n man te kry**, **'n man te hê** en 'n man te **behou**. Hoeveel vroue is tevrede met ongelukkige verhoudings, bloot omdat hulle tot die treurige slotsom gekom het dat om **'n** man te hê, beter is as **geen** man nie!

Voor die val het God haar "mannin" benoem. God is baie uitsoekerig met name. Na die val, het Adam haar "Eva" benoem. 'n Naam is 'n definisie van wie jy is. Vandag nog smeek vroue om "benoem" te word deur 'n man.

NB: ***Jy hoef nie te wag dat 'n man jou definieër vir wie jy is nie. God het jou alreeds 'n naam gegee!***

Jes. 62:4,5 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: My welbehae, en jou land: die **getroude**; want die **Here het 'n behae in jou**, en jou land sal getroud wees. Want soos 'n jonkman 'n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die **bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees**.

As gevolg van God, is 'n vrou 'n volledige vrou, of sy 'n man het, of nie. Die Here is 'n man vir die manlose. Hy is die Een Wie alles besit waaroor jy ooit kan hoop of droom – die rykste man in die wêreld!

Jes. 54:5 Want jou Maker is jou man; Here van die leërskare is Sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.

As Jesus dan al die vloeke op Hom geneem het aan die kruis, wat is die probleem dan? Ongelukkig, net omdat Hy die tjek geteken het, beteken nie dat elkeen dit gaan wissel het nie. ‘n Tjek is net ‘n tjek totdat die ontvanger dit **gewissel** het.
Meer as ooit, het ons vroue wat hulself moor in die werkplek, wat swoeg in die sweet van hul aangesig. Dit was nie God se oorspronklike plan nie. Ons liggame was nooit gemaak om blootgestel te word aan sulke intense mate van spanning nie. Die “supervrou-sindroom” is besig om sy tol op ons te eis in groter en groterwordende golwe, daarom die **stygings in vroulike gesondheidsprobleme**. **Let op waar baie van hierdie probleme voorkom** – in die **voortplantingsorgane** wat ons kinders moet produseer, sowel as die **borste** wat ons kinders moet voed.

Teen die tyd dat ons klaar “manne” was op kantoor, vind ons dit moeilik om terug te skakel na vrouwees by die huis. Wanneer ons onsself verloor as vroue en onsself begin forseer om spiere te ontwikkel waarvoor ons nie ontwerp is nie, ly ons interne en verhoudingsisteme daaronder.

LESBIANISME EN FEMINISME

“***The feminist movement uses masculine tactics to achieve its agenda***.”

Dit is belangrik om ingelig te wees in hierdie area, omdat ons vroue het wat in kerke sit dwarsoor hierdie land wat seer het en stadig doodgaan van binne omdat hulle niemand binne die kerk kan nader vir berading nie. Hulle vrees veragting en afkeuring van ander Christene terwyl hulle **worstel met hul verlangens na ander vroue**.

Niemand is verby die hoop van genesing en bevryding nie. Maar jy moet die saad wat die vyand geplant het, kan herken ten einde te weet hoe om dit te ontwortel.

Die eerste feit wat baie mis, is dat **lesbianisme gebore is uit ‘n verhoudingsleemte.** Dit is ingebore binne die verlange na liefde, wat buite beheer geraak het.

Baie vroue het na die oplossing gegryp om mekaar op te soek vir troos, vriendskap en fisiese stimulasie, bloot omdat hulle moeg geword het om dit te probeer maak werk met mans.

Jy moet verstaan dat **lesbianisme nie 'n seksuele saak is nie**, maar 'n **emosionele** en **geestelike** een.

Vroue verbind met mekaar op 'n baie kragtige wyse a.g.v. hul moederlike vermoëns en instinkte ("nurturing skills"). Mans verbind nie op hierdie vlak nie; daarom kom die **motivering vir homoseksuele gedrag** dikwels vanuit 'n ander oord – dit is gebaseer op **visuele stimulasie en sensualiteit**. 'n Man is in staat om sy **seksualiteit te skei van sy emosies**, maar 'n vrou se **emosies en seksualiteit is nou aan mekaar verbonde**.

Wanneer die mans in 'n vrou se wêreld haar fisies mishandel of haar nie emosioneel vervul nie, bestaan die gevaar dat die gees van misleiding in haar lewe kan kom. Daarby sal sy die **emosionele vervulling** wat sy van ander vroue in haar lewe ontvang verwar as 'n bron van eros (seksuele) liefde. Hierdie gevaar groei na realiteit indien die vrou nie bewus is van die feit dat geen man of vrou haar ooit heeltemal emosioneel kan vervul nie**. Slegs God kan dit doen.**

Vroue wat **onmiddellike bevrediging vir hul verlangens soek**, kan ten prooi val van hierdie misleiding, en die gees van lesbianisme kan 'n greep op hulle kry. Hierdie is die vroue wat bloot net nie verder wil probeer nie. Hulle is gevul met pyn en ongeloof en het teruggeval op ongoddelike leefwyses ten einde hulself te troos.

LESSE UIT DIE LEWE VAN DEBORA

Rigters 4:4.

Sy het haar **geestelike roeping verstaan**. Sy was ‘n **profetes** – dit was haar Godgegewe doel. Dit was die totaliteit van wie sy was. Daarom, wanneer sy gepraat het, was dit met **outoriteit**.

Dit het niks te doen gehad met manlik of vroulik nie. Dit het te doen gehad met ‘n behoefte wat God gehad het om Sy hart en Sy planne aan Sy volk bekend te maak. Dit was ‘n behoefte wat God geweet het Debora sou kon vervul.

Debora het ook haar roeping in die natuurlike as vrou verstaan en as **vrou vir haar man**. Die Bybel voeg baie duidelik die titel van “vrou van Lappidot” by haar lys van erkennings, wat beteken dat dit betekenisvol was vir God.

Lappidot beteken “**om te skyn**”, wat daarvan spreek dat haar man self ‘n **welbekende reputasie gehad het**. Tog was hy selfversekerd genoeg om Debora vry te stel om die groot leier te kon wees wat sy was. Die manier waarop sy die situasie met Barak hanteer het, vertel ons iets van wat in haar huis aangegaan het en die manier waarop sy met haar man verkeer het. Die teks dui duidelik daarop dat sy haarself as **vrou onderwerp** het aan haar man. En sy was geseënd as gevolg daarvan. Almal het geweet dat omdat haar huis in orde was, hulle haar kon respekteer en volg.

Die volk sou haar nooit gewilliglik gevolg het as sy uit lyn was nie. Sy was **eerstens huweliksmaat voordat sy rigter was**. Sy was eerstens vrou voordat sy ‘n leier was. Sy was eerstens onderworpe aan God en dan aan haar man.

Sommige Christen-vroue is verward hieroor en wonder hoekom hulle mans niks te doen wil hê met God en die kerk nie. Weet jy hoekom?

Eerstens, geen man sal ooit iets aanhang waarmee hy in **kompetisie** voel nie. **Indien jy die man in jou lewe laat voel dat hy moet kompeteer met Jesus of jou pastoor, behoort jy dit onmiddellik te bely**. Die teenwoordigheid van God in jou lewe behoort van jou 'n beter vrou vir daardie man te maak. Hou op om die pastoor beter te behandel as jou man. **Of jou man gered of ongered is, God hou jou steeds verantwoordelik en aanspreeklik om te dien, lief te hê en te onderwerp aan daardie man** (mishandelende situasies uitgesluit).

Tweedens, geen man gaan 'n plek besoek waar hy voel al die vroue in beheer is nie. Mans is van nature **herstellers**. Indien daar niks vir hulle is om te herstel nie, beweeg hulle voort in hul soeke na onoorwinde gebiede.

Vir diegene van julle wat versmoord en verhinder voel in jou bediening a.g.v. jou maat, pasop. **God sal nooit jou bediening plaas voor jou sorg vir jou man nie**. Dit is onskriftuurlik. Dit sal teen Sy Woord gaan, en Hy sal dit nie doen nie. Moenie vergeet nie, dat **deur jou man te dien, is jy ook gehoorsaam aan God**. Jou man word na God getrek deur jou optrede. Jy is die **enigste voorbeeld wat jou maat kry van hoe om te onderwerp aan God**. Die **wyse waarop ons onderwerp aan sigbare leierskap**, is 'n goeie aanduiding van hoe ons sal **toegee aan onsigbare outoriteit**.

Derdens het Debora haar posisionele roeping as **diensmaagd van God** verstaan. Hierdie is die **grootste wenk in hoe om jou vroulikheid in die kantoor te behou** – of watter omgewing ookal jou laat voel dat jy in 'n oorlog vir gelyke regte veg, of slegs vir menslike erkenning. **Debora het haar werk gedoen omdat God so gesê het**. Dit het nie gegaan oor die mans rondom haar nie. Dit was 'n **Koninkryksroeping** en nie haar persoonlike agenda nie.

Efes. 6: 7, 8 …en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie, omdat julle weet dat **elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang**, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.

Hou op om na die natuurlike man by jou werk te kyk. Jou identiteit is versteek op ‘n plek veel hoër as die naamplaatjie op jou deur of jou firma se werksbeskrywing. God het besluit dat jy op drie vlakke sal opereer:

1. **In die gees**.
2. **As vrou**.
3. **As Sy diensmaagd**.

Jou **doel** behoort te wees om **Sy roeping op jou lewe** te vervul en nie wat jy kan kry uit wat jy doen nie. Jy kan al jou energie daarop spandeer deur te probeer om na jou begeertes te gryp in menslike pogings en dan ‘n lewe van frustrasie leef – oorwerk en nie gewaardeer nie. Soos wat jy vergeet van die lofprysing van mense, sal God jou ryklik beloon omdat jy ‘n dienskneg-hart ontwikkel het.

***Liewe Hemelse Vader**, vergewe my vir my misplaaste prioriteite. Vergewe my dat ek my nie verheug het in die vrou wat U my geskape het nie. Vergewe my dat ek die leuen van die wêreld geglo het dat ek minderwaardig is, ‘n stem om te ignoreer, ‘n leë kruik sonder eer. Help my om die waarheid te omhels – dat ek wonderlik geskape is, dat ek ‘n wonderlike werk is, dat my vroulikheid ‘n skat is wat versteek is in hierdie aardse kleipot.*

*Help my om my te verheug in die gawes wat U my gegee het, gawes van **invloed** en **wysheid**. Bring na vore die gawes wat U in my geplaas het en maak my ‘n wyse rentmeester van alles wat U in my gees gedeponeer het. Soos ek alle **vooropgestelde idees en wêreldse etikette van my aftrek**, beklee my met U verlossing, U outoriteit, U waardering van alles wat ek is in U. Leer my om die vrou te wees wat U wil hê ek moet wees. Lei my op die weg wat U graag wil, tot eer en verheerliking van U Naam.*

In Jesus se Naam, AMEN.

4. MOEDERLIEFDE

Niemand mors met ‘n moeder se liefde nie. Sy is **in diepte opvoedend** (“nurturing”), **vuriglik beskermend** en sal enigiets doen om die veiligheid en welvaart van haar kinders te verseker.

Ingeweef in die vesel van elke moeder se gees, is die instink om die kosbaarhede wat God in haar sorg geplaas het, te **beskerm**.

Moeders is die verskaffers van lewe, geskape om dit te kan gee, op te voed, te beskerm, en om dit vry te stel op die geskikte tyd om die doelstellings van God te vervul. **Die rol van ‘n moeder is so intens en kragtig, dat die uiteindes van nasies in haar hande lê**.

Die vyand werk oortyd om elke gees van moederskap te verdraai en te vernietig onder vroue vandag.

Open. 12:4 …en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. **En die draak het gestaan voor die vrou** wat op die punt was om te baar, **sodat hy haar kind sou verslind** sodra sy gebaar het.

Satan is aan die rondhardloop, soekend om die lewe van enige kind wat dalk ‘n bedreiging vir sy koninkryk mag wees, te vernietig. Deur die eeue het hy gedurig gepoog om een stap voor Jesus Christus te wees, om Hom af te sny voordat Hy kon opgroei om Sy doel te vervul – die redding van die mensdom.

Vanaf Genesis tot Openbaring tot op hierdie dag is die **gees van sluipmoord** losgelaat teen kinders – ons hedendaagse messiase wie God gekies het om genesing, bevryding en herstel te bedien in ons huise, omgewings, stede en nasies.

God het ‘n doel vir elke lewe. Hy eer diegene wat veg om die behoud van die lewe van hul kinders in die aangesig van werklike struikelblokke, deur ‘n weg vir hulle te baan waar daar geen weg is nie.

Ons is hier **met ‘n doel**! Maak nie saak hoe jy op die oomblik voel nie, jy het ‘n doel. Jy sal **weet of jy daardie doel vervul of nie, deur die vlak van vervulling wat jy ervaar**. Mense wat in die doel vir hul lewe wandel, is opgewonde oor die lewe. Diegene wat nie in die doel vir hul lewe wandel nie, spandeer hul tyd deur te wonder wat hulle veronderstel is om te doen met hulself of hulle soek vir ‘n maat of enige ander tipe van uitwendige stimulant om die leë plek te vul wat hulle ervaar.

Satan probeer om die kinders te aborteer – dit is nie die lewe van die kind waaragter hy is nie – **dit is die doel van God wat in daardie kind belê** is wat hy soek. Hy kom ook in ander vorms – **mishandeling**, **verwaarlosing**, **gebrek aan dissipline**, **bendes**, **dwelms**, **gebroke huise** …. Enigiets wat hom sal help om daardie kind se begeerte om uit te styg tot die vervulling van sy/haar lewensdoel, uit te blus.

Moeders faal daarin om hul eie waarde raak te sien, terwyl kinders alle hoop vir die toekoms verloor. “Ek is **maar net** ‘n ma”, of “Ek is **maar net** ‘n huisvrou” – hierdie rolle is van alle eer gestroop deur die draak.

Onthou: Jou rol as ‘n moeder affekteer eindbestemming ver verby jou persoonlike spasie of huis. Dit is ‘n moeder wat gewoonlik geestelik die fynste ingestel is op die moontlikhede in haar kind.

OORHEERSENDE MOEDERS

Baie moeders raak gevaarlik geheg aan hul seuns, en **verplaas hul huweliksmaat met hul seun**. Hul eie soeke na die verering van mans en vir die liefde en vervulling wat hulle nie van hul maat ontvang nie, dryf hulle tot **onmanlike verhoudings met hul seuns**. Dit is buite God se orde. Seuns is nie geskape om die gaping te vul wat jy besluit het jou maat nie kan doen nie.

Kinders is nie onderhandelingsgereedskap en instrumente van manipulasie om in bevlieging teen te kom, te beledig, te bind of die man in jou lewe mee af te weer nie. Hulle is klein mensies wat in die lewe kom, gelaai met **doel en eindelose moontlikhede** wat nie verdraai mag word nie.

Moeders, wees lewende Nuwe Testamentiese voorbeelde van die tipe persoon wat jy graag sal wil hê jou kinders moet wees. Spreek wysheid in jou kinders in. Help jou kinders om in te skakel in die eindelose moontlikhede binne hulself a.g.v. die krag van God wat aan die werk is binne hulle. Wees soos Jesus in jou huis. **Gee aan jou seun die manlike bevestiging wat hy nodig het ten einde 'n man te kan wees en laat jou dogter grootword, bevestig as vrou, wetende dat sy verdien om behoorlik liefgehê te word**.

Dit stel 'n seun in staat om "agter te laat en aan te kleef" en 'n dogter, om die konsep van in eenheid met haar man te wandel, aan te gryp. Dit bou soliede manne en vroue wat hul doel sal vervul en die wêreld se eindbestemming sal uitwerk.

'N MOEDER SE ROL

- Om die lewe van haar kinders te behou.
- Om hulle daarvan te weerhou om deur die draak verslind te word.
- Om doel in te bou.
- Om te blaas op die kole van daardie klein mensies se gees totdat hul handjies self uitreik na God.
- Om die seëning te verseker.
- Om hul erflating te bewaak.
- Om hulle vry te stel om pilare van eindbestemming te word.

Moederskap is 'n kosbare roeping van God. **Dit het 'n seisoen**. Geniet die **identiteit van moederskap**. God het jou met 'n doel gekies vir 'n tyd soos hierdie.

***Hemelse Vader**, dankie vir die gawe van my kinders. Ek voel nederig dat U my waardig geag het om iemand wat vir U so kosbaar is, op te voed. Rus my toe met al die wysheid, sterkte en insig wat ek nodig het om hierdie taak af te handel op 'n wyse wat U sal behaag. Wys my die weg wat ek moet inslaan terwyl ek hierdie kleintjies, wat U in my sorg geplaas het, leer.*

Soos ek hulle aan U sorg toevertrou, vertrou ek U om hulle veilig te bewaar in al hul weë. Skenk aan my 'n toenemende sin van onderskeiding om die werk van die vyand te herken in my kinders se lewens. Gee my die krag om die stryd aan te knoop teen die magte wat soek om hul harte weg te trek van U af, wat hul geeste wil breek en hul wille wil buig.
Wanneer ek moeg word, versterk my moeë arms en vernuwe my geloof in U vermoë om ons almal te bewaar.

In die outoriteit wat U vir my in Christus gegee het oor die lewens van my kinders, aborteer ek nou die planne van die vyand en sy agenda om die doel van God vir my kinders te vernietig. Lei my gebedslewe sodat ek op strategiese wyse die roeping en bestemming van my kinders na vore kan roep. Help my om die erfenis vas te maak wat U vir hulle in gedagte het. Maar meeste van alles Here, in tye wanneer dit moeilik gaan, herinner my dat kinders slegs deel is van my beloning in antwoord op U roeping. Herbevestig my waarde wanneer die wêreld my vertel ek besit geen waarde nie, en help my om my waarde en alles wat waarlik die moeite werd is in U te vind.

In Jesus Naam, AMEN.

5. BOU JOU HUIS

‘n Man verlang drie dinge:

1. Om goed te eet.
2. Om vervul te word op seksuele gebied.
3. Om waardeer te word.

Wat kry ons daaruit?

1. Jy sal liefgehê word.
2. Goed versorg word.
3. Tevrede en vervuld wees.

Jou huis is meer as net jou fisiese huis – dit is jou **huishouding**. Dit is die **harte van diegene wat jou omring**. Die hart is waar ons almal **werklik lewe**. Dit is die wyse waarop elkeen onder jou dak beinvloed word deur jou teenwoordigheid. Jy het die voorreg om die platform op te stel van hoe elkeen voel – kinders, huweliksmaat, vriende, jyself. Jou huis reflekteer wie jy is.

SPR. 14:1 Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af.

Als draai om die vrou van die huis.

SPR. 21:9 Dit is beter om op die hoek van ‘n dak te woon as by ‘n twisgierige vrou en ‘n gemeenskaplike huis.

SPR. 21:19 Dit is beter om in ‘n woeste land te woon as by ‘n twisgierige vrou en ergernis.

SPR. 27:15 ‘n Aanhoudende gedrup op die dag van ‘n stortreën en ‘n twisgierige vrou is net eenders.

SPR. 9:13 Vrou Dwaasheid is onrustig, pure eenvoudigheid en heeltemal onkundig…

SPR. 12:4 ‘n Deugsame vrou is die kroon van haar man, maar een wat skande maak is soos ‘n verrotting in sy gebeente.

Dit som dit min of meer op.

‘n Vrou kan kies om die mag wat sy het te gebruik om haar man te maak of te breek. Sy is sy beskerming. **Die man is geroep om voor die vrou te loop om enige opposisie en gevaar af te weer, maar die vrou is geskape om daardie man te omring en sy hart te beskerm**. Selfs enkel vroue – elke man wat jou pad kruis behoort beter te voel wanneer hy in jou teenwoordigheid is.

WAT IS ‘N HUIS?

Dit bied beskerming teen die elemente.

Dit bedek jou ten tye van reën, storms, hitte, koue, sneeu, enigiets wat jou gesondheid kan affekteer.

Dit hou jou warm in die winter en koel in die somer. Dit herberg al jou besittings en hou dit veilig.

Dit bied aan jou veilige grense en konsekwensie – jy keer elke dag terug na dieselfde plek.

Dit bied toegang aan ander, omdat mense weet waar om jou te vind.

Dit bied aan jou ‘n plek om te eet, te rus en jouself te reinig.

Bou ‘n huis vir sy hart en die harte van jou kinders. As ‘n vrou, ‘n goddelike vrou, behoort die man in jou lewe **te voel dat sy hart, sy geheime en sy emosies veilig is by jou**. Jy behoort sy hawe van konsekwensie te wees, die een wat altyd daar is, en die een op wie hy altyd kan reken.

Hy weet **wat om van jou te verwag**, omdat jou karakter so sterk en vas is. Hy behoort **toegang te hê tot jou hart**, jou **sagtheid**, jou **herversekerings** en jou **raad te alle tye**, **en omgekeerd**. Jy behoort vir hom 'n **oase** te wees. Hy moet **verfris word in jou teenwoordigheid**. Niks kan hom meer vreugde of pyn bring deurdat hy verwelkom of verwerp word deur die vrou na wie sy verlange is nie.

Hoogl. 4: 9, 10 U het my hart gesteel, my suster-bruid, u het my hart gesteel met een straal van u oë, met een kettinkie van u halssieraad. Hoe skoon is u liefde, my suster-bruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u salf as al die speserye!

DIE FONDASIE

'n Huis is nie 'n huis totdat die vroulike aanraking daar gekom het nie. Om 'n goeie, soliede huis te bou waarin 'n man tuis kan voel, moet daar begin word met 'n **gesonde fondament** van **VERTROUE**.

Maagdelikheid op die huweliksnag lê 'n sterk fondament om mee te begin. Haar "fontein" is slegs vir haar man (Spreuke 5). 'n Man het nodig om te weet hy kan sy vrou vertrou – om sy hart, sy drome en sy geheime by haar te kan versteek.

DIE RAAMWERK

Verstandigheid sal 'n huis ferm hou, maak nie saak wat tussen die mure plaasvind nie.

SPR. 19:14 Huis en goed is 'n erfenis van die vaders, maar 'n verstandige vrou is van die Here.

SPR. 12:23 'n Skrander (verstandige) mens (vrou) verberg sy kennis, maar die hart van die dwase roep hulle sotheid uit.

SPR. 13:16 Elke skrandere (verstandige) handel met kennis, maar die dwaas strooi sotheid rond.

Wysheid en verstandigheid loop hand aan hand. Verstandigheid is die raamwerk, wysheid is die dak.

SPR. 8:12 Ek, Wysheid, is vertroud met die skranderheid (verstandigheid), en ek vind kennis van regte oorleg.

Dit is **God se doelstellings** wat die **sement** is wat die hele huis staande hou. Dit is ons verhouding met Hom wat ons toerus met ware wysheid.

SPR. 9:10 Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand.

Daar is iets spesiaals aan ‘n vrou wat die kuns bemeester het om haar man saggies te begelei om rede in te sien en om wyse besluite te neem vir haar huis. Die kuns is nie manipulasie nie. Dit gaan daaroor om begrip van ‘n onderwerp te besit en die paslike tegniek van toegeeflikheid.

SPR. 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap.

Wysheid hou die huis in orde en bedek dit van alle magte wat dreig om dit te vernietig. Wat is die **sewe pilare** wat dit in staat stel om die storms van die lewe te trotseer en verhoudings te beskerm?

1. Verstandigheid.
2. Kennis.
3. Diskresie.
4. Raad.
5. Suiwer oordeel.
6. Begrip.
7. Mag en krag.

PS. 127:1 As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.

***Liewe Hemelse Vader**, U is die Pottebakker, en ek die klei. Bou my huis. Rus dit toe met die vrugte van die Gees. Vul dit met die geur van U salwing. Versier my in wysheid en deug, sodat ek 'n heiligdom kan wees vir almal wat in my teenwoordigheid woon. Skenk my die gawe van onderskeiding om waarlik te luister en die behoeftes van ander te hoor. Leer my die weë van vroue volgens U oorspronklike ontwerp. Versterk my om die toetse van storms en beproewinge te kan weerstaan.*

Help my om vas te staan wanneer die fondamente van alles waarin ek glo en waarvoor ek hoop, geskud word. Soos ek vasstaan in U belofte om die Hoeksteen van my lewe te wees, maak my 'n oase, 'n stil plek en 'n hawe vir die harte van diegene wat U op my pad stuur.

In Jesus se Naam, AMEN.

6. DIE KRAG VAN ONDERWERPING

Omdat baie vroue maats het wat nie aan God onderworpe is nie, word onderwerping selfs ‘n nog aakliger konsep. Dit word nie van jou verwag om jou te onderwerp aan **mishandeling** of ander dinge wat duidelik die Woord van God oortree nie.

Jy moet God vertrou as jou algehele dekking, selfs bokant jou maat of wie ookal jou outoriteit is. Vir die ongetroude is dit ook van toepassing. Jou **pastoor**, **vader** en **werkgewer is jou outoriteite**.

Onderwerping is ‘n opdrag aan elkeen, mans en vroue albei. Totdat ons **onderwerping sien as God se opdrag om kwesbaar genoeg te word om te kan ontvang**, sal ons nie daarin slaag om herken dat onderwerping ‘n uitnodiging tot seën is nie.

Die woord “onderwerping” is nie sinoniem met “deurmat” nie. **Jou samewerking word benodig in onderwerping**. Jy moet besluit om saam te gaan met die ander persoon – julle het bloot besluit om in ooreenstemming te wandel.

Indien jy jou kan onderwerp aan die outoriteit in jou lewe, selfs wanneer alles in jou skreeu dat hierdie rigting nie die beste keuse is nie, sal God vir diegene in outoriteit die genade gee om hul eie foute raak te sien. Hulle sal jou meer liefhê omdat jy nie hul foute uitgewys het nie, en hulle sal meer ontvanklik wees vir jou raad volgende keer.

Onderwerping vra dat jy oop sal wees vir rigting, leeggemaak van jou eie idees oor die onderwerp om plek te maak vir ander moontlikhede.

Onderwerping is persoonlik. **Dit is tussen jou, God en jou outoriteit**. Dit is **nie ‘n ope forum** vir elkeen om hul opinie te gee nie. Dit sal vir jou makliker wees as dit ‘n private saak is.

TROTS EN SELFREGVERDIGING

Sommige van ons **het nodig om ons te onderwerp aan die kennis van wat alreeds in ons harte is** voordat ons kan beweeg na die volgende fase van seëning. **Trots** sal ons weerhou daarvan om reg te maak met God. **Selfregverdiging** sal jou weerhou daarvan om die vloei van God se reinigende en vrymakende krag te ondervind. Dit is daardie krag wat ons in staat stel om ons te onderwerp aan die wense van mense.

Indien die woorde "ek is jammer, ek was verkeerd" vir jou baie moeilik is om te sê, terwyl "ek het jou mos gesê" baie maklik kom, moet jy die toestand van jou hart ondersoek. Dit is heel moontlik nie ryp vir onderwerping en die seëninge wat daarmee saamkom nie.

Jer. 17: 9, 10 Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die Here, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge.

Deut. 8:2 En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, **om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie**.

Onderwerping is nie alleen 'n toets van ons liefde vir Hom nie; dit is 'n toets van ons krag. **Soms is dit moeilik om te onderwerp** – maar dit moet **altyd vrywillig wees**. **God sal ons nooit dwing om iets te doen nie**. Hy het aan elkeen van ons 'n vrye wil gegee.

BEVESTIGING

Wanneer God 'n **woord aan 'n vrou gee, sal Hy dit bevestig in die gees van die persoon wat in outoriteit is oor haar**. Soms kan dit 'n tydjie neem voordat die boodskap deurkom na jou outoriteits-figuur, maar dit beteken nie dat hulle nie van God kan hoor nie. Dit mag 'n geval van tydsberekening wees.

Miskien is God besig om hom te gebruik om jou spoed te breek totdat dit werklik tyd is om met die plan te beweeg wat Hy aan jou gegee het. **God sal altyd 'n vrou rugsteun wanneer Hy haar 'n woord gegee het om te spreek**. Vroue behoort te bid vir die sensitiwiteit van hul mans vir die Gees van God.

Die Here is heeltemal in staat om die man in jou lewe onder arres te plaas indien hy God se beweging in jou lewe verhinder deur sy aksies of woorde van ongeloof. **Dit is nie jou werk om hom te oortuig van wat God gesê het**, of afbrekend met hom te praat wanneer hy dit nie verstaan nie. Dit is nie nodig om aan hom te vertel dat hy gered moet word of geestelik moet verdiep nie. Indien God met jou gepraat het, is Hy heeltemal in staat om op te volg op Sy eie Woord en om te doen wat ookal nodig is om daardie man in ooreenstemming te bring terwyl Hy terselfdertyd Sy Woord in vervulling bring. Jy moet slegs in die regte gesindheid bly en toelaat dat God die situasie vir jou oplos. **Om voor daardie man se samestemming uit te beweeg, sal jou in 'n posisie plaas van misleiding en allerhande ander soorte probleme**.

Wanneer God vir jou sê om te praat, het Hy geen probleem om jou uitvoerder te wees nie. Dit sal nie vir jou nodig wees om jou pad oop te beveel nie.

VROUE STILBLY IN DIE KERK?

1 Kor. 14: 33-35 …want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges. **Julle vroue moet in die gemeentes swyg**; want dit is nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.

1 Tim 2: 11-14 Die vrou **moet haar in stilte laat leer** in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar **sy moet haar stil hou**. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.

Nou, dames, kalmeer! Ek maak gereed om hierdie saak vir julle op te los. Laat ons kyk na die konteks van Paulus se stelling.

Hy het so pas die Korinthiër-kerk ‘n skrobbering gegee oor ordelike gedrag gedurende hul dienste. Hy het gevind dat almal deurmekaar praat. Elkeen het ‘n profesie, ‘n lied, ‘n openbaring, ‘n taal of uitleg of ‘n opdrag gehad. Elkeen was so opgewonde oor al hierdie nuwe geestelike gawes en openbarings wat hulle gekry het, dat hulle blatant ongepoets met mekaar was! Die vroue, wie nie op hierdie punt formeel opgelei was in die sake van die Bybel nie, was baie verheug om uiteindelik ook in hierdie arena toegelaat te word. Hulle was ook baie opgewonde.

Soos hulle geleer het, het hulle besef dat hulle dinge gehad het om te deel met ook baie vrae. Daarby was baie van die vroue vir die mans ‘n uitdaging in hul strewe om te gryp na hierdie nuwe inligting. Hou in gedagte dat in die Korinthiese gemeenskap, vroue nie toegelaat is om mans in die openbaar te konfronteer nie. Nou, uiteindelik, was hulle vry. Maar diegene wat nog nuut was in die geloof het dit ontstemmend gevind om te sien hoedat vroue vrae vra en sommige van die lerings bevraagteken het. Daarom het Paulus die vroue gemaan om hierdie vrae tuis te vra en om nie misbruik te maak van hul nuwe vryheid nie – en dus nie ‘n konsternasie te veroorsaak onder diegene wat nog nie gegrondves was in die geloof nie.

Wat betref die tweede gedeelte, moet ek weereens verduidelik dat Paulus gepraat het oor ‘n sekere kerk wat ‘n klomp moeilikheid gehad het. Die Efesiese kerk het ‘n probleem gehad met ‘n invloei van valse leraars. Die vroue van die kerk was blykbaar die meeste kwesbaar vir hierdie vals leringe, omdat hulle nog nie genoeg Bybelkennis gehad het om die waarheid te kon onderskei nie. Op hierdie punt was hulle nog almal baba-Christene wat nog nie die voorreg gehad het om die Skrifte te bestudeer nie. Tog, hier was hulle besig om diegene wat vir jare die Woord bestudeer het, (en in sommige gevalle valse leraars voorgehou en openbarings wat foutief was), te betwis! Die manne het ‘n hupstoot gehad (weerspieëling van die orde van die skepping – Adam eerste, dan Eva, wat mislei is). Die vroue moes stil sit en leer van diegene wat gekwalifiseer was om hulle te leer sonder om te bevraagteken wat hulle hoor. ‘n Klein bietjie kennis kan gevaarlik wees. Hierdie vroue het nodig gehad om die volle waarheid te verkry tesame met begrip, ondervinding en Christen volwassenheid. Die woord “stil” hier in die Grieks beteken ‘n gesindheid van stilheid en weerhouding.

‘n Ander woord word gebruik om algehele stilte te beskryf.
Hierdie vroue het ook blykbaar ‘n probleem gehad i.v.m. onbehoorlike kleredrag. Hierdie was ‘n situasie waar die misbruik van nuwe vryheid oorvloedig was en dit moes gekorrigeer word. Dit het toenemend ‘n probleem geword soos wat kerke ontspring het, en het veroorsaak dat dit ‘n algehele mandaat geword het onder die vroue oral. Daarom het Paulus aan Timoteus instruksies gegee om nie enige vroue in leierskap te plaas nie, a.g.v. hul onervarenheid en vatbaarheid vir misleiding.

Almal het gegryp na leierskap posisies in die Efesiese kerk, dus het Paulus die moeite gedoen om die vereistes neer te lê vir almal, oral. Gebaseer op hul gedrag, het hy dit baie duidelik gemaak – selfs aan die mans – dat Christelike volwassenheid, ‘n suiwer morele karakter en ‘n suiwer en foutlose lewe gekoppel aan geloof en ‘n suiwer doktrine, vereistes was wat nie onderhandelbaar was nie.

Paulus het op geen manier gesê dat vroue nie toegelaat word om in die kerk te praat nie. Hoe kon hy, wanneer hy vroeër in dieselfde brief aan die Korinthiërs, opdragte gee vir openbare aanbidding en waar hy die saak van vroue wat profeteer en aanbid in die openbaar, aanspreek?

1 Kor. 11: 5, 6, 10 …**maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof**, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is. Want as ‘n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan ook haar hare afsny; maar as dit vir ‘n vrou lelik is om haar hare af te skeer, laat sy haar hoof bedek.
Daarom moet die vrou ‘n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele.

Laat ons dit erken – sy was nie besig om oor haarself te profeteer nie. So vertel jy my wat gaan hier aan? Gee Paulus werklik hier opdrag dat vroue hul hoofde moet bedek as ‘n teken dat hulle onder outoriteit is wanneer hulle bid en profeteer in die openbaar, en draai hy dan om en verbied hulle om in die kerk te praat? Ek dink nie so nie! Paulus het te veel vroue geken wat aansienlike posisies in die kerke beklee het om hierdie soort houding te kon inneem.

Indien hierdie vroue enigiets onverantwoordelik sou doen, moes hulle wisselwerking uitoefen en verwys word na mans sowel as na vroue. **Ons weet dat Priscilla, tesame met haar man Akwila, vir Apollos geleer het. Phoebe was ‘n diakones. Maria, Triphena en Tryphosa het hard gewerk vir die Here. Euodia en Syntiche het sy aan sy met Paulus gewerk en gestry vir die geloof**.

Die punt wat ek hier maak is dat al hierdie vroue in leierskap onderworpe was aan ‘n sigbare outoriteit. Hulle het nie sommer in die lug gehang, of sonder dekking gaan bedien nie. Self is ek ook onder die outoriteit van my pastoor wanneer ek reis en as spreker optree. Om sonder dekking uit te gaan, is gevaarlik. Wanneer ek ‘n deurbraak maak in geestelike begrip in ‘n sekere area, toets ek dit met my pastoor, my man en ander volwasse manne in Christus om seker te maak dat ek die begrip ontvang het in balans en harmonie met die Skrif. Ek maak seker en weer dubbeld seker voordat ek wegspring om die Woord te lewer, maak nie saak hoe wonderlik dit vir my klink nie. Onthou, vroue is die persone wat die slang gekies het as eerste teiken vir misleiding, a.g.v. die mag van invloed waaroor ons beskik. Onthou wanneer God Debora aangestel het rigter oor Israel? Sy was steeds ‘n vrou in onderwerping. Maar dit bring ‘n ander interessante punt na vore. **Sal God ‘n vrou aanstel as leier van ‘n nasie en dan vroue belet om in die kerk te praat?** Dit sou darem ‘n te groot weerspreking wees. Nee, te veel het God al aan vroue Woord gegee om af te lewer, te veel wonderlike openbarings om te deel, om hulle nou te onderwerp aan stilte.

Ek moet hier tussenin werp dat vroue alles kan lewer wat God aan hulle gegee het om te lewer, terwyl hulle steeds hul vroulikheid behou. Ons hoef nie “aan te trek soos mans” om sodoende te voel ons moet soos mans wees wanneer ons opstaan om ‘n boodskap te lewer nie. Ons het ons eie unieke manier om dinge op te dien wat hoogs effektief is. Dit is nie nodig dat jy voel dat jy ‘n man “onder die stof moet preek” nie, of selfs moet preek soos ‘n man nie. Jy moet bloot die Woord bring. Wanneer die kos goed is, sal die mense eet. Hierin kan niemand aanstoot neem nie. Paulus het aan die einde van die dag bloot gesê dat dit noodsaaklik is dat vroue bly onder die beskermende dekking van outoriteit, selfs in hierdie area. So laat ons nie onduidelike begrip, of, in sommige gevalle, opgeblase ego’s, blameer op Paulus nie.

Dit is dieselfde Paulus wat gesê het daar is nie man of vrou, Griek of Jood nie, reg? Vroue was vry om die Liggaam te stig met die gawes wat God aan hulle geskenk het, maar op ‘n ordelike wyse. Terselfdertyd moes hulle nie die mans in die openbaar uitdaag of ander leer terwyl hulle self nog nie genoeg kennis opgedoen het om ‘n effektiewe taak te kon verrig nie. Daar is ‘n tyd en ‘n plek vir alles ten einde die vrede te bewaar.

SO, WANNEER MOET JY STIL WEES?

Wanneer jy van ‘n man verskil in ‘n openbare situasie, of wanneer jou meningsverskil daardie man kwesbaar maak in die teenwoordigheid van sy portuurgroep of familie. Dit is van toepassing op almal, man of vrou. Daar is egter steeds niks meer afbrekend en pateties as wanneer ‘n vrou ‘n man in die openbaar verneder nie. Niemand hou daarvan om ‘n man onder pantoffelregering te sien, of dat ‘n man verneder word deur ‘n vrou te midde van ‘n ander nie.

Jy kan nie vroulik wees in hierdie wêreld as jy nie heeltemal verstaan hoe jy werklik deur God gedek word nie. Dan sal jy nie langer reageer op mense nie, maar gehoor gee aan Sy stem. **Jy moet die kuns bemeester van tydsberekening, spraak, stemtoon (stembuiging), beweging – noem dit!** Dit alles speel ‘n rol in die grondvlakbesluit in ‘n situasie.

Heb. 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

Onthou net: ***Wanneer jy in onderwerping wandel, sal die persoon wie jou dekking is, verantwoordelik gehou word vir jou. Indien jy uitstap onder daardie dekking, is jy die een wat gaan nat word!***

Miskien was jy vir ‘n lang tyd gewoond daaraan om dinge op jou manier te doen, en alhoewel jy moeg daarvoor is, is die gedagte om te laat gaan, nogal vreesaanjaend. Maar jy sal moet laat gaan. **Los die leisels**.

Laat gaan die gedagte dat jy alles in jou wêreld moet beheer anders sal niks gebeur nie. Laat gaan die konsep dat jy taai moet wees ten einde respek en invloed by mense te verdien. Dit is bloot net nie waar nie! Jy mag jou eie sagte, warm, wyse, vroulike self wees en nog steeds alles gedoen kry. Doen 'n beroep op die hart van die een in outoriteit – **moenie eis nie**.

Die frase "die hoof van die vrou is die man", gaan nie oor heerskappy nie. **Dit is bloot 'n aanduiding dat die man die bron van die vrou moet wees**. Die vrou is uit die man geneem, die bron van haar bestaan, net soos die man uit Christus is en Christus is uit God. **Outoriteit vereis verantwoordelikheid. Dit is die grens wat die persoon in outoriteit dwing om goeie keuses te maak vir almal wat betrokke is by hom**. Outoriteit laat dinge glad verloop. Onderwerping laat dit selfs nog gladder verloop. Dit is nie 'n geval van minderwaardig versus meerderwaardig nie; dit is bloot 'n geval van orde en funksionering. **Onderwerping is wedersydse toewyding en samewerking om die groter oplossing te bereik.**

Efes. 5:21 …en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.

***Liewe Hemelse Vader**, dankie dat U my dekking is. Soos wat ek rus in U sorg, help my om my geloof gefokus te hou op U en nie op die swakheid van die arm van vlees nie. Soos my kennis van U groei, versterk my kapasiteit om toe te gee aan outoriteit, en gedurig in gedagte te hou dat ek my eintlik daardeur aan U onderwerp. Wanneer ek in die versoeking kom om my eie pad te gaan en my eie ding te doen, wanneer ek sake in my eie hande wil neem, skenk my 'n openbaring van U op die Troon, steeds in beheer van elke area van my lewe. Help my om te rus in die kennis van U sorg vir my. Vermeerder my vertroue in U sodat my val gebreek kan word wanneer ander my in die steek laat. Soos ek na U kyk as my agterhoede om my rigting te gee oor wanneer ek moet praat en wanneer ek moet stilbly, kom asseblief vir my na vore.*

En in tye wanneer ek moet stilbly en vrede kry, skenk my 'n besoek van U Gees om my vrese te kalmeer.

Here, ek wil graag die vrou wees wat U my geroep het om te wees, geheel en al beskikbaar en ondergeskik aan U, aan U instruksies, vir die voltooiing van U doel en U uiteindelike glorie. Here, hier is ek, 'n leë kruik. Kom en vul my met Uself terwyl ek my alles aan U oorgee.

In Jesus se Naam, AMEN.

7. DIE MAG VAN INVLOED

Invloed is magtiger as outoriteit, omdat invloed 'n hartsaak is. Die gawe van invloed is die onsigbare mag wat vroue miskyk – die vermoë om die hart van 'n man te affekteer sodat hy sy gedagte kan verander.

Spreuke 27:19 Soos in die water aangesig teenoor aangesig is, so is die hart van die mens teenoor die mens.

Ons moet gewillig wees om op liefdevolle wyse die regte dinge in die hart te plant, die gees sonder druk te voed, en dan terug te staan en te kyk hoedat die regte besluite voortkom uit daardie persoon. Ongelukkig het blykbaar al die verkeerde mense die mag van hierdie geheime wapen van invloed gegryp, en die gawe is misbruik. **Invloed behoort nooit sy grense te oorskry en homself te manifesteer in die vorm van manipulasie nie**.

Manipulasie is verwant aan toordery (witchcraft), en God sal dit nooit seën nie, aangesien manipulasie 'n poging is om te beheer deur sielspogings oor iets of iemand oor wie jy nie outoriteit het nie. Manipulasie slaan in die hart van die mens deur **intimidasie of verleiding**, en sal dus onderwerpe forseer of afdwing volgens jou begeerte en teen hulle wil.

Rebellie en **heksery** sluit ook in (Gal. 5:20):

- Losbandigheid
- Afgodery
- Haat
- Onenigheid
- Jaloesie
- Woedebuie
- Selfsugtige ambisie
- Verdeeldhede

- Faksies
- Afguns
- Dronkenskap
- Orgies
- Ens.

Hierdie is alles die werke van die vlees.

Toordery (witchcraft) word vergelyk met rebellie omdat **dit iemand forseer om te buig onder ‘n ander persoon se wil en nie God s’n nie**. Wanneer jy **omstandighede reël en situasies manipuleer om jou sin te kry**, is dit ‘n duidelike aanduiding dat jou begeerte nie van God is nie, of dat dit nog nie die tyd is dat jou begeerte vervul moet word nie. Om voor God uit te beweeg, skep altyd probleme wat eers later gesien sal word.

Koningin Jesebel is die vergestalting van manipulasie – mense het seergekry, gesterf en die oordeel van God het oor haar huis gekom.

Gewoonlik het die vrou met ‘n **manipulerende gees geen respek** vir die persoon wie sy besluit het om te “help” nie. In haar gedagtes moet sy nou net **nog ‘n gemors opruim** wat hierdie idioot veroorsaak het. Maar heimlik hou sy daarvan om hierdie **persoon te sien kruip**. Sy sal selfs sover gaan as om **saad van minagting** (disrespek) in die harte van ander rondom die persoon, te plant ten einde haar posisie as beheerder te verseker. Sy sal die **reputasie van haar man vernietig** ten einde die pad vir haarself oop te maak. Dit is in hierdie atmosfeer waarin sy haarself dan kan oprig as die “redder”. Sy hou daarvan om die indruk te skep **dat sy die situasie gered het**. Dit bou gevoelens van **afhanklikheid**. Niemand sal waag om haar te vervang nie, selfs al kan hulle haar nie verdra nie, omdat sy hulle oortuig het dat hulle haar nodig het om te kan funksioneer.

Met hierdie grondslag klaar gelê, doen sy meedoënloos haar vuilwerk onder die dekmantel van **agter-die-skerms misleiding**. Sy sal die naam van die persoon wie sy “help” gebruik om haar agenda te verstewig. Dit verseker dat die fout nie kan terugwys na haar nie.

Sy plant haar saad van verdeeldheid goed, benat dit met beloftes van beloning of dreigemente van vergelding (wat ookal die beste werk) en sit terug om die finale resultaat in te wag. Wanneer die ontploffing plaasvind, stof sy haar hande af, keer ‘n gaap weg en beweeg voort ….. volgende!

Die vrou met ‘n manipulerende gees **slaag goed daarin om die uiterlike karaktereienskappe van vroulikheid te bemeester**, sowel as ‘n baie oortuigende vertoning van **godsdienstigheid.** Sy omring haarself met vals profete, diegene wat sê wat sy graag wil hoor. Sy is altyd in beheer, het ‘n uitgesoekte groep ‘boesemvriende’ rondom haar wat slegs gerieflik is solank hulle haar wense gehoorsaam. Sy is gemaklik met gebed, vas of enige ander uitwendige godsdienstige vertonings. Sy haat hierdie dinge in hul suiwerste vorm. Sy haat die ware profete van God. Sy wil hulle stilmaak.

Manipulasie regverdig dat jy jouself gelukkig maak ten koste van ander en het tot gevolg: haat, onenigheid, verdeeldhede, faksies, woedebuie, ens. **Manipulasie intimideer en verdeel** om te kan oorwin. Alhoewel dit kan werk vir ‘n seisoen, sal die uiteindelike gevolg nie aangenaam wees nie.

Spr. 28:10 Wie die opregtes laat verdwaal op ‘n verkeerde weg, sal self in sy eie kuil val; maar die regskapenes sal die goeie beërwe.

‘n Ander voorbeeld van manipulasie is **Delila met Simson**. Haar spesialiteit was **verleiding** – die gebruik van haar oë, lippe, hande, haar liggaam en haar parfuum. Dit was geheel en al ‘n vroue-ding. Sy het Simson bedwelm met haar vroulikheid, en stadig die lewe uit hom gedruk deur die geheim van sy krag uit hom te trek.

VOORBEELDE VAN WARE VROULIKHEID

1. Ester
2. Abigail
3. Pilatus se vrou

Spr. 31: 10-12 Wie sal ‘n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie. Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.

***Liewe Hemelse Vader**, dankie vir die buitengewone kragtige gawe wat U aan my gegee het – die gawe van invloed. Leer my om dit goed te gebruik. Herinner my aan U Woord terwyl ek my gawe beoefen. Herinner my aan U doel in my lewe, sowel as van diegene wie U binne my sfeer van invloed geplaas het.*

Help my om nooit die hart en wil van ander te misbruik nie. Sê vir my wanneer ek die grens oortree na manipulasie. Lei my deur U Gees, sodat ek kan weet wanneer om te plant en wanneer om te laat gaan sodat U kan benat en die toename in die lewens van diegene rondom my te dra. Soos ek myself oorgee aan U leierskap, help my om toe te gee aan diegene wat U oor my geplaas het. Help my om dit met vreugde te doen. Open my oë om die beloning van onderwerping te kan sien.

En Here, met diegene wat dit moeilik maak om U ontwerp te volg, beweeg op ‘n spesiale wyse en gee aan my ‘n getuienis van oorwinning.

In Jesus se Naam, AMEN.

8. WANNEER JY OOR SY KOP BEWEEG

Soms kan ons eie onsekerhede veroorsaak dat ons dinge van mans vereis wat nie vir hulle menslik moontlik is om te kan gee nie.

Wanneer die man in ons lewens klaarblyklik nie vir ons **help om vrug te dra nie** – hetsy in swangerskap, finansiële bystand of bloot net geluk – hoekom voel ons steeds so **leeg en onvervuld**, selfs na die huwelik?

Daar is ‘n plek in ons harte wat slegs deur God gevul kan word. Dit is vir ons belangrik om die openbaring te verstaan dat **vrugbaarheid van die Here kom en nie van die mens nie**. God se opdrag aan Adam en Eva in die Tuin was om vrugbaar te wees en te vermeerder. **Die individuele roeping was om vrug te dra; die gemeenskaplike roeping was om te vermeerder**. God sou hulle ontmoet in die proses en byvoeg by dit wat hulle produseer.

Vrugbaarheid is waar ons ware tevredenheid lê, en God self maak dit moontlik.

Lev. 26:9 En Ek sal My na julle wend en julle vrugbaar maak en julle vermenigvuldig; en my verbond sal Ek met julle bevestig.

Ons kan niemand behalwe onsself blameer wanneer ons lewens onvrugbaar is nie. God het aan ons die opdrag gegee om vrugbaar te wees. Hy het ons toegerus om vrugbaar te wees, of ons getroud of ongetroud is.

Geen mens behoort jou vrugbaarheid te beïnvloed nie, behalwe as hulle daartoe bydra of jou aanspoor tot goeie werke. Indien hulle jou aftrek en veroorsaak dat jou vrugte verwelk of bitter word, behoort jy jou verbintenis met daardie persoon te heroorweeg.

WAT GEBEUR MET MANS IN ONS LEWENS WANNEER ONS DIE ONMOONTLIKE VAN HULLE VERWAG?

Neem jou man of die begeerte na ‘n man in jou lewe die plek van God in? **Maak jy aansprake waaraan hy niks kan doen nie?** Is daar ‘n gaping in jou wat die geluk van jou steel wat joune kon wees ongeag jou omstandighede?

Baie van ons verwag van die man om vrede, selfwaarde, waardering of selfs materiële dinge te produseer. God is uiteindelik ons bron van al hierdie skatte. **Ons sal strewe, huil en onsself ontneem van geleenthede om ‘n vol lewe te lei wanneer ons ons hoop plaas in ‘n persoon om ons verwagtings te vervul**.

Wanneer ons vaskyk in die arm van vlees, sal ons altyd in die steek gelaat word. ‘n Man kan net soveel doen, maar God kan enigiets en alles doen. **Dit is nie ‘n man wat ons lewens vrugbaar kan maak nie, maar eerder ons inskiklikheid met God se roeping** om ons doel te vervul deur die gebruik van ons **gawes** en **talente**. Ons moet leef vir die oomblik en die beste maak van elke geleentheid om die **geesmens** van diegene rondom ons te stig – dan sal ons wêreld verander en verbeter. Ons sal vreugdevol en produktief word.

WAT GEBEUR MET MANS IN ONS LEWENS WANNEER HULLE NIE DAARIN SLAAG OM TE WANDEL IN HUL GODGEGEWE POSISIE NIE?

“As ek dit nie doen nie, sal dit nooit gebeur nie!”

Totdat jy nie vir hom ‘n leemte skep wat hy kan vul nie, sal hy nooit styg tot daardie vlak nie. Soms moet ‘n man eers **mank** word voordat hy sy plek in God vind (Jakob). Hou jou verwagtings diplomaties; laat hom verstaan dat jy van hom verwag om die man te wees wat hy veronderstel is om te wees. **Demonstreer dit deur vir hom ‘n posisie vakant te los vir wat hy ookal moet doen**. **Moet hom nie red van sy eie versuim nie**.

DIE HARTE VAN DIE VADERS

Veral waar dit kom by ons kinders, is dit belangrik dat jy vir jou man ruimte laat om sy rol binne te stap. Maak jou behoeftes aan hom bekend en staan dan terug. ‘n Man smag na respek en waardering.

“**Ek het nodig**” is goeie woorde om te gebruik met mans, omdat daar in hul gees die Godgegewe dryfkrag geplant is om dinge reg te maak en orde te herstel. **Indien ‘n man voel dat jy alles onder beheer het, sal hy toelaat dat jy die bal vir jouself neem en daarmee hardloop**.

Dus, staan terug en laat toe dat die man opstaan of val op sy eie. Dit is daar waar die spiere van karakter ontwikkel word.

Ons hou nie daarvan om die worsteling dop te hou nie. Dit lyk te pynlik – maar moenie die proses stop nie. God hou vir Adam verantwoordelik net soos wat Hy vir Adam verantwoordelik gehou het om sy volledige roeping as man te vervul. Hy het aan mans sekere kragte gegee waaroor vroue nie beskik nie, en visa versa.

***Liewe Hemelse Vader**, ek moet toegee dat ek myself toegelaat het om weggevoer te word deur my eie verwagtinge. Ek het misleide hoop belê in 'n man terwyl my hoop in U moes wees. U alleen is my bron van vrede en vreugde. U alleen kan my vrugbaar maak op 'n wyse wat vir U aanneemlik is en vervullend vir myself. Soos wat ek al my sorge op U werp omdat U vir my omgee, open my oë om U gewillige deelname in my lewe te kan sien op 'n daaglikse basis, selfs in die klein dingetjies. Ek het nêrens anders om heen te gaan nie en ek is so moeg. Ek erken dat ek teleurgesteld en gefrustreerd is, en minagting beleef. Soms is ek selfs vir U kwaad wanneer ek die leuen glo dat U my gefaal het. Eintlik is dit ek wat myself gefaal het deur meer van myself te vereis as wat U vereis. Help my om te ontspan en te laat gaan. Vermeerder my vertroue in U om te sorg vir die dinge waarvoor ek valslik verantwoordelik voel. Skenk my die wysheid om te weet wanneer ek moet vashou en wanneer ek moet laat los. Lei my deur U Heilige Gees en moet my nie ten prooi laat val van my eie vreesagtige instinkte nie. Soos wat ek in U rus, hou dit wat ek nou aan U gegee het, in U hande, nou en vir altyd.*

In Jesus se Naam, AMEN.

9. VERSTAAN LOF

Hoe verloor twee mense hul rigting in ‘n verhouding? Deur ‘n kommunikasiegaping.

Wat oorbrug die gaping tussen hulle? Begrip.

Mans benodig waardering, eer, respek ….. aanbidding op ‘n manier.

Ons is na God se beeld geskape en dit is natuurlik dat ons almal na lof en bewondering sal soek.

Mans hanteer gewoonlik nie kritiek baie goed nie; hulle gee net eenvoudig pad totdat jy daaroor gekom het. Indien dit te veel gebeur, sal hulle jou geheel en al probeer vermy en elders gaan soek na waardering.

Dink voor jy praat! Die mag van hoe daardie man met jou in verhouding sal staan, lê in jou hande en in jou tong.

Prys maak mense vry en seën hulle. **Om prys te weerhou, is straf**. Dit is genoeg om die ander persoon af te trek in die diepste dieptes van onsekerheid, mismoedigheid en betekenisloosheid. **Om prys te weerhou, kan ‘n subtiele vorm van manipulasie wees**.

Prys beteken vir jou net soveel as vir die ander persoon. **Dit is jou manier om jouself te herinner waarom jy geseënd** is om hierdie persoon in jou lewe te mag hê. Dit maak jou **vry van verborge wonde uit die verlede of om in bitterheid in te gly**. Dit lig die begeerte in daardie persoon om die beste te wees wat hy vir jou kan wees. Hy wil jou nie in die steek laat nie.

DIE OORSPRONG VAN AANBIDDING

Seks is ‘n tipe van aanbidding. Adam en Eva was heilig en behaaglik vir God. Hulle was naak en onbeskaamd.

Na die val het hulle gehardloop vir bedekking. Die **bedekking het skeiding** in die hand gewerk, **skeiding het geheime** meegebring en geheime het oorgegaan in **wantroue en blaam**, wat weer wortel geskiet het tot **isolasie**. Hiervandaan het isolasie wortel gegee aan **gebiedsafbakening** en dit het aanleiding gegee tot oorlog = oorlog tussen die geslagte. Selfs nadat mans en vroue getroud is, het die oorlog voortgeduur. Die onsigbare wapens van stryd sou slaan teen die binne-kern van elkeen se wese.

Seks is een natuurlike parallel na die geestelike daad van aanbidding. Die geestelike daad van aanbidding het begin met die versoenings-proses – die pad van aanstoot moes eers skoongemaak word voordat ‘n Heilige God ontmoet kon word (reiniging van die liggaam, die stort van bloed, die binnegaan in die Allerheiligste met brandende kole en reukoffers om aan die Here te gee). Ons bely ons sondes, het berou, draai daarvan weg om nooit weer terug te gaan nie.

Wanneer ‘n man ‘n vrou seergemaak of aanstoot gegee het, is sy eerste instink om liefde te maak, omdat dit vir hom moeilik is om sy berou effektief uit te spreek. Dit is sy manier om te sê hy is jammer.

Op baie maniere reflekteer die vrou God se hart. Alles aan haar liggaam is gevorm om die lewe te koester – haar borste gee melk, haar arms hou vas en troos en haar baarmoeder dra en gee die lewe aan lewende siele op hierdie aarde.

Maar, soos God, **vind sy dit moeilik om te ontvang van die man wanneer daar aanstoot gegee is**. Haar liggaam is ‘n tipe van die Allerheiligste. Die **seermaak en aanstoot wat tussen ons staan, moet eers uit die weg geruim word**.

MAAGDELIKHEID

Reiniging in die natuurlike begin met bad, en die voorbereiding van jou liggaam om behaaglik te wees vir jou maat.

Vroue bloei by die eerste seksuele ondervinding – dit is die deurgang deur die bloed in die natuurlike. **Maagdelikheid is 'n tipe van die hoogste offer**. Die brandende kole en reukoffer word nou vervang deur die passie, waardering en prys wat julle op mekaar uitstort deur hierdie intieme gebeurtenis.

Jy gee in totaliteit; alles wat jy het, alles wat jy is, aan mekaar – **gee volkome uit maar word terselfdertyd gevul. Dit is aanbidding in sy suiwerste vorm**.

Daar is ook verkeerde aanbidding – Aaron se seuns het gesterf toe hulle verkeerde vuur en reukoffers voor God gebring het. Seks buite die huwelik bring dood na ons gees, sowel as na ons sin van behaaglikheid; ook fisiese dood (AIDS, aborsies, ens.)

1 Kor. 6:13, 18-20 Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam.
Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie **hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam**. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

ENKELVROUE

Enkelvroue moet leer hoe om God te aanbid – dit sal jou behoefte vervul om een te word met iemand anders. Dit sal jou help in jou worsteling om 'n pad te loop van reinheid. Aanbidding sal jou help deur moeilike tye. **Indien jy nie jou aanbidding rig tot God nie, sal jy dit in 'n ander rigting rig**. Dit is wat Satan wil hê. Hy kom om **aanbidding by enkellopendes te steel** deur hulle te versoek om in sonde te val.

SATAN SE DOEL

Reeds vanaf die begin was Satan se hele plan om aanbidding te steel asook prys in enige vorm. Hy het gekom om jou **prys en aanbidding aan God te slag, steel en te verwoes, asook jou aanbidding in jou slaapkamer**.

Dus sal hy jou ‘n hoofpyn gee, veroorsaak dat jou man onsensitief is, die kinders beinvloed om oproer te veroorsaak, die omstandighede van die dag gebruik om jou af te mat – wat dit ookal kos! Hy wil poog om die **bediening van aanbidding in jou huis stil te maak**. Seks is nie net ontwerp vir vermeerdering nie. Dit is ontwerp vir die **verligting van spanning**, **om jou siel te hersentreer na die Tuin**, die wêreld en al sy **probleme te laat vervaag** en die **eenheid tussen man en vrou** terug te bring.

Dit is **parallel met die daad van nagmaal** – die eenwording van jul geesmens soos wat julle deelneem aan Christus in die simboliese ontvangs van die brood en die vrug van die wingerdstok, en Hom ten volle absorbeer. Hierin **ontvang ons genesing, en word weer heelgemaak en word deurdrenk** met Sy lewe binne ons.

Spr. 5: 18, 19 Mag jou **fontuin geseënd wees**, en verheug jou oor die vrou van jou jeug – die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar **boesem jou altyd vermaak**, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees.

Hoogl. 4:10 Hoe skoon is u liefde, my suster-bruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u salf as al die speserye!

Hoogl. 7: 8-10 Ek het gedink: Laat ek op die dadelpalm klim, laat ek sy trosse gryp; en **laat u borste tog wees soos trosse van die wingerdstok**, en die geur van u asem soos dié van appels, en u verhemelte soos die beste wyn wat vir my beminde saggies na binne gly, en oor die lippe vloei van die wat inslaap. Ek is my beminde s’n, en sy begeerte is na my.

Seks is aanbidding; **dit is gemeenskap**; **dit is bediening**; dit is ‘n **huweliksplig** deur God ingestel. **Deur dit te weerhou om jou maat te straf, is sonde**. **Raak ontslae van die aanstoot**. Praat, kommunikeer, laat jou man van jou behoeftes weet. Beinvloed hom om ‘n beter minnaar te word. Moenie ‘n lesing gee nie! Laat die leerproses pret wees. Laat God julle inlig hoedat julle mekaar kan behaag.

PROBLEME MET INTIMITEIT

Verskeie dinge kan die oorsaak wees:

1. **Verstandelike kondisionering**: In jou opgroeijare is daar van seks gepraat as “vuil” en jy het nooit geleer om dit te sien as ‘n fees volgens God se ontwerp nie. Seks was ‘n diep, donker geheim, iets wat jy **moes** doen na jou troue, dus sal jy maar op jou tande byt en dit verdra wanneer die tyd aanbreek.
2. **Seksuele mishandeling**: God **kan** jou hart en verstand genees en die skoonheid van Sy ontwerp vir seks ‘n realiteit vir jou maak.
3. Dit kan ook ‘n **fisiese probleem** wees: Hormone, ens.

SEëNINGE

“Wanneer lofprysinge opgaan, kom seëninge af.”

Soos ons aanbidding opstyg na God, maak Hy die vensters van die hemel oop en stort soveel seëninge uit dat ons nie genoeg plek het om dit te ontvang nie.

Dus, neem ‘n besluit om te aanbid, om God se ontwil, jou man se ontwil en jou eie ontwil.

Druk verby gevoelens.

Druk verby woede.

Vergewe en vergewe weer.

Druk verby moegheid.

Druk verby die sluier van jou eie vorige opvattings en tree die plek van seëning binne.

Reageer op jou man soos teenoor God, en God sal jou daar ontmoet en julle altwee seën.

Net soos reukoffers in die lug hang lank nadat dit klaar gebrand het, so sal jou aanbidding in die slaapkamer die res van jou huis vul en die lewens van jou kinders beinvloed terwyl hulle hul verlustig in die sekuriteit van die liefde wat hulle sien tussen jou en jou man.

***Liewe Hemelse Vader**, soos ek vandag voor U troon buig, leer my om te aanbid. In gedagte, in woord, in daad, leer my om te aanbid. Op elke manier, leer my om te aanbid. Stel my tong vry om te prys, om eer te gee waar eer toekom. Vul my met vreugde elke keer wanneer ek iemand seën met prys. Help my om ander te help om die gawes te vier asook die seëninge wat U aan al U kinders skenk. Vergewe my dat ek prys en aanbidding gebruik het as 'n werktuig van straf deur dit te weerhou.*

Reinig my van woede en die pyn van aanstoot. Help my om nie griewe te hou en te soek om terug te slaan op die harte van diegene wat my seermaak nie, wetend of onwetend. Help my om myself te reinig en deur die Bloed te gaan, soveel keer as wat dit nodig is om my vry te maak van alles wat my weghou van die vryheid van aanbidding. Lei my na die Allerheiligste. Omring my met Uself soos wat ek prys en eer na U toe oplig. Soos U my toemaak met U Gees, help my om met ander te deel dit wat U oor my uitgiet wanneer ek U intieme teenwoordigheid verlaat. Laat ek U met my saamneem deur elke kamer van my huis, my werkplek en enige plek waar my voetsole sal stap.

Gee aan my die salwing om te kan prys.

In Jesus se Naam, AMEN.

10. DIE BELONING VAN DEUGSAAMHEID

Die Spreuke 31 vrou word genoem ‘n deugsame vrou.

“**Deugsaamheid**” beteken ***uitnemendheid*** (“excellence”).
“**Deug**” beteken ***krag***.

Jy as vrou hoef nooit respek af te dwing nie – wees net uitnemend. Niemand kan argumenteer met uitnemendheid nie. **Uitnemendheid is ‘n krag omdat uitnemendheid respek afdwing**. ‘n Vrou van uitnemendheid is ‘n krag waarmee gereken moet word.

Die Spreuke 31 vrou het haar werk beplan volgens die begrip van haar doel. Sy het die **seisoene** in haar lewe herken en dit omhels.

Hier is die geheim: Sy het verstaan dat jy dit alles kan hê; jy kan dit net nie alles tegelyk hê nie. Dit stel jou vry om te leef vir die oomblik en dit ten volle te geniet.

Seisoene

- Loopbaan bou.
- Doeke- en melkformules.
- Huweliks aanpassings.
- Ens.

Pred. 3: 1, 11 Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar ‘n tyd.
Alles het hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind.

Iemand wat ‘n begrip het van bestemming en doel, bly gebalanseerd, wagtend op die sleutels wat haar sal lei na die volgende situasie. Om jou **lewe te lei volgens wat jy of diegene rondom jou dink hoe dit gedoen moet word, is om ‘n lewe van frustrasie te leef**. Maar as jy God opsoek om uit te vind wat Sy verwagtings van jou is van dag tot dag, sal jy vind dat jy jouself vrystel om jou te verheug in presies waar jy is. Ervaar die mag van jou posisie.

God plant ons waar ons nodig is. Soos ons reageer op Sy oproep en onsself aanwend tot dit wat Hy voor ons geplaas het, word ons ‘n “krag” om mee rekening te hou.

Wees dus vry om vroulik te wees. Verheug jou daarin om alles te wees waarvoor jy geskape is as vrou. Wees vrolik daarin. Word opgewonde daaroor! Vier jou **uniekheid**. Omhels jou **sagtheid**. Koester jou **teerheid**. Verheug jou in jou **warmte**. Geniet jou lag. Ontdek die skoonheid van jou trane. **Dit maak nie saak watter grootte jy is nie, waardeer elke kurwe, elke rolletjie, elke bult, elke lyn**. Lig dan jou oë na die hemel en aanbid die Een Wie jou die liefste het!

***Liewe Hemelse Vader**, dankie dat U my geskape het net soos ek is – 'n komplekse en ongelooflike vrou. Vergewe my vir die tye wat ek myself toegelaat het om te vergeet wie ek is en hoekom ek geskape is. Skep in my die hart van 'n vrou soos U bedoel het ek moet wees. Herstel vir my die vreugde van my vroulikheid. Maak my deelagtig aan 'n gees van uitnemendheid sodat ek 'n krag kan wees in my huis, my kerk, my gemeenskap en in my wêreld. Help my hande om altyd te genees, my arms om altyd te troos, my gees om altyd te koester, my woorde om altyd op te bou en my natuur om altyd te dien.*

Laat my teenwoordigheid altyd 'n oase wees vir hulle wat vergader in my skaduwee. Leer my om te prys. Skenk my die hart van 'n ware aanbidder. Genees die gebroke plekke binne my en maak my los van wonde van die verlede. Vernuwe my verstand en maak my siel vry om op te staan ten spyte van alle hindernisse uit die verlede. Leer my die weg van U Woord, sodat ek die vrou, die suster, die moeder, die huweliksmaat en die invloed kan wees wat U wil hê ek moet wees.

Help my om te alle tye te onthou dat al wat ek kan doen en sê, is uiteindelik tot U eer.

In Jesus se Naam, AMEN.